die titel, *Die Suid-Afrikaanse Gekleurdes in die Eerste Wêreldoorlog,* gee die skrywer ons 'n insig in Suid-Afrikaanse Swartes se ervaringe gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Maar 'n blote relaas van gebeure rondom die Swartes in hierdie oorlog is hierdie werk egter ook nie! Inteendeel, soos die skrywer dit dan ook stel, is hierdie werk veel meer as dit. Dit wys ook op die Swartes se pogings in hierdie jare om hulleself van Blanke oorheersing los te maak. In hierdie verband skryf dr. Grundlingh dan ook soos volg:

*"Apart from its possible intrinsic interest, this study hopes to be more than a mere 'discovery' of black men in a 'white man's war'. During the period of the First World War Africans continued their struggle against domination on several levels - in essence they fought a war within a war." (pp. 3-4).*

In hierdie publikasie word veral op die volgende aspekte gekonsentreer: die Swartes se reaksie op die uitbreek van vyandelikhede in 1914 en hoe hierdie oorlog die onderskeie swart groeperinge se politieke aspirasies en ook verwagtinge beïnvloed het; die hele kwessie rondom die Swartes se deelname aan 'n sogenaamde "Blanke-oorlog"; die werwingskampanje van die Suid-Afrikaanse regering om Swartes in die oorlogspoging te betrek; die tipe militêre diens wat deur die Swartes gelewer sou word; militêre diens en swart politieke bewuswording asook sosio-ekonomiese veranderinge wat deur die oorlog te weeg gebring is.

Waar die Geskiedenisstudent met die bestudering van hierdie fase in die Suid-Afrikaanse geskiedenis meestal in die beskikbare sekondêre bronne met die BLANKES se ervaringe en wedervaringe ALLEEN te doen het, is hierdie werk van Albert Grundlingh dan ook 'n welkome bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie. Hier het ons met 'n wetenskaplike werk te make wat die soms onaangename werklikheid van 'n Suid-Afrikaanse klassesisteem baie duidelik belig.

Vir die Geskiedenisstudent is hierdie publikasie 'n moët. Hierin kry hy nie alleen 'n beter perspektief rakende die geskiedenis nie, hierdie werk gee ook tot groter nadenke aanleiding.

N. Wandrag

GREEN, N & LASCARIS, R 1988: *Third World Destiny (Recognising and Seizing the Opportunities Offered by a Changing South Africa.* Kaapstad: Human & Rousseau Tafelberg. R16.95

Hierdie is een van etlike publikasies wat reeds vanjaar die lig gesien het en toegespits is op Jan Alleman en as tema die toekoms van Suid-Afrika het. Dit is dan ook heel gepas dat Clem Sunter 'n voorwoord skryf en ook hierdie scenario op die pad vorentoe as 'n voorbeeld van sy "high road" - ideaal vir Suid-Afrika aanbeveel.

In 'n twaalftal hoofstukke is die skrywers, twee persone uit die sakewêreld, besig om hulle produk - 'n aanvaarding van Suid-Afrika se derdewêreld-status te bemark. Hulle maak inderdaad 'n groot sukses van hierdie bemarkingspoging. Daar word aangetoon dat daar in Suid-Afrika baie derdewêreldse tendense is, maar, voordat u skrik, etlike lande in die derdewêreld het oor die afgelope dekades heelwat beter as Suid-Afrika gevaar, byvoorbeeld die Ivoorkus en die Kameroen (dit is nou as 'n mens die ekonomieë vergelyk). Natuurlik was daar ook klaaglike mislukkings soos Zambië en Zaïre. Feit is dat daar ook hier te lande 'n groeiende amptenary is wat byvoorbeeld 'n tipiese derdewêreld kenmerk is. Hierdie amptenary het dan gewoonlik in Afrikalande hulle vergryp aan duur Duitse motors en hierdeur het die sogenaamde wabenzi-sindroom ontstaan. In Suid-Afrika het die aantal regeringsdepartemente in stede van afgeneem geweldig toegeneem (van 40 in 1979 tot oor die 156). In 1986 was daar reeds 865 385 mense in die staatsdiens gewees en dit het nie eers die werkgewers by Eskom en die posterye ingesluit nie. Hoe dit ook al sy, is die skrywers miskien dalk 'n bietjie te seker van hulle saak as hulle by hierdie amptenary in die huidige ekonomiese klimaat op soek is na die Mercedes Benz-motors - my persoonlike waarneming is dat die wabenzi-brigade hier te lande deesdae feitlik uitsluitlik 'n luukse is van besturende direkteure om nie te praat van die mense in die bankwese nie. (U kan maar u eie afleidings maak). Dit moet ook onthou word dat die burokratiese uitbreiding in ons land in die eerste instansie aan die uitgediende en krampagtige pogings om apartheid te verskans toegeskryf moet word.

Dit is inderdaad so dat die bevolkingsverhouding in ons land steeds meer 'n derdewêreldse tendens vertoon met veral 'n geweldige toename in die swart bevolking. Wat meer is, hierdie feit lui die soveelste doodsklok vir apartheid - dit sal in die toekoms steeds meer 'n totaal onhaalbare ideaal word vir diesulkes wat dit aanhang.

Die boodskap van die skrywers is egter nie een van pessimisme nie, maar hoop. 'n Nuwe Suid-Afrika is besig om tot stand te kom wat hoë eise aan byvoorbeeld die onderwys sal stel, maar ook toenemende gemeenskaplike raakpunte tussen Suid-Afrikaners van verskillende groepe in 'n post-apartheid en verstedelikte Suid-Afrika tot gevolg sal hê. Stereotipes en tradisionele vooroordele sal dan ook toenemend verdwyn en nuwe assosiasies sal gevorm word.

Hierdie is 'n boek wat deur elke kieser met groot vrug gelees kan word om 'n nugterder politieke oordeel te kan fel.

M.H. Trümpelmann

BERGER, PL & GODSELL, B 1988: *A Future South Africa (Visions, Strategies and Realities).* Kaapstad: Human & Rousseau - Tafelberg. pp. 344. R24.95

In hierdie publikasie word daar deur 'n groot aantal gerespekteerde akademici en navorsers weer na ons politieke situasie gekyk. Hoewel daar uiteraard verskillende perspektiewe gestel word, is die publikasie veral treffend vanweë sy nugtere analise van die verskillende akteurs (van ver regs tot ver links) se betrokkenheid by ons politieke krisis van vandag.

Daar word byvoorbeeld krities gekyk na die regering